PROVINSIALE KENNISGEWING 55 VAN 2019

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 17 (1) VAN DIE RUSTENBURG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUURS VERORDENING, 2018 VIR 'N VERANDERING VAN DIE GRONDGEBRUIKSREGTE BEKEND AS 'N HERSONERING. RUSTENBURG WYSIGINGSKEMA 1956.

Die firma NE Town Planning BK (Reg Nr: 2008/2492644/23), synde die gemagtigde agent van die eienaar van die **Resterende Gedeelte van Gedeelte 2 van Erf 1459 Rustenburg, Registrasie Afdeling J.Q., Noord-Wes Provinsie,** gee hiermee ingevolge, Artikel 17(1)(d) van die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Verordening, 2018 kennis dat ons by Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die verandering van die grondgebruikregte, ook bekend as die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Piet Groblerstraat 29, Rustenburg, vanaf "Residensieël 1" na "Inrigting" beperk tot 'n Onderrigplek soos omskryf in Bylae 2056 tot die Skema. Hierdie aansoek behels A) dat die eiendom gebruik sal word vir 'n Onderrigplek (Kleuterskool). B) die aangrensende eiendomme asook eiendomme in die omgewing kan kan moontlik hierdeur geraak word. C) Die hersonering van "Residensieël 1" na "Inrigting" beperk tot 'n onderrigplek behels dat verbeteringe aan die bestaande geboue aangebring sal word en dat nuwe geboue gebou sal word en ook gebruik sal word vir die doeleindes soos hierbo genoem en bevat die volgende ontwikkelingsparameters soos vervat in Bylaag 2056 van die Skema: Maks Hoogte: 2 verdiepings, Max dekking: 65%, VOV:0.25. Enige besware of kommentaar, met gronde daarvoor asook kontakbesonderhede, kan gebring word binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die eerste datum waarop die kennisgewing verskyn het na die **Munisipaliteit: Kamer 319, Missionary Mpheni House, h.v. Nelson Mandela en Beyers Naude Rylane, Rustenburg, of na Posbus 16, Rustenburg 0300.** Besonderhede en planne (indien enige) is beskikbaar vir inspeksie gedurende gewone kantoorure by die bovermelde kantore, vir 'n tydperk van 28 dae van die datum van eerste publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Gazette, Beeld en Citizen en/of terrein kennisgewing. Sluitingsdatum vir enige besware: **21 Mei 2019.** Adres van applikant: **155 Kockstraat, Suite 204, De Dak, Rustenburg 0299 of NE Stadsbeplanners BK, Posbus 5717, RUSTENBURG, 0300**; **Telefoon nr: 014 592 2777**. Datums waarop kennisgewings gepubliseer word: **23 en 30 April 2019.**

23–30